

HOEKOM GAAN DIT MET DIE KIND VAN GOD NIE GOED NIE?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.

Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

TEMA: Hoekom gaan dit met die kind van God nie so goed soos die Woord belowe nie?

SKRIFVERWYSINGS VAN OORDENKING:

Psalms 8: 7 U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel

Hebreeërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het,

Hebreeërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

Hebrews 13: 21 Strengthen (complete, perfect) and make you what you ought to be and equip you with everything good that you may carry out His will; [while He Himself] works in you and accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ (the Messiah); to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages).

Psalms 50:9 Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie;

Psalms 50:10 want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.

Psalms 50:11 Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.

Psalms 50:12 As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.

Psalms 50:13 Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?

Psalms 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

Psalms 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

-o0o-

Goeie dag almal, ek seën julle vandag baie ryklik in die Naam van onse Here Jesus Christus.

Ek het vandag 'n baie interessante onderwerp waaroor ek wil gesels.

Ek het die afgelope tyd baie vreemde versoeke gekry van mense in ons bediening, sowel as ander persone wat saad saai in die bediening (almal kinders van die Here), om die geld wat hulle as tiendes gesaai het, terug te gee want hulle het nou in 'n sekere situasie beland.

Ek het vanoggend weer so 'n soortgelyke boodskap ontvang. Daardie geld was nie as 'n tiende gesaai nie, maar wel vir 'n ander saak. Die persoon ondervind nou probleme en versoek om die geld terug te kry. Dit plaas mens in 'n netelige posisie omdat daardie geld reeds vir koninkryk doeleindes belê en ook daarvoor aangewend is. Nou vra mense die geld terug in die hoop dat dit hulle probleme gaan oplos.

Dit bring my by die vraag: ***Hoekom gaan dit met die kind van God nie so goed soos dit in die Woord belowe word nie?*** Dit is waaroor ek vandag met julle wil praat.

-o0o-

Kom ons begin by die begin:

Vraag: **Hoekom is ek en jy as mens op die aarde?**

Die antwoord daarop: om die eenvoudige rede dat ons God se eiendom en besittings moet bestuur **Psalms 8: 7** U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel

-o0o-

Ons lees in die boek Hebreërs dat God die Vader met elke mens op aarde 'n verbond (*covenant*) aangegaan het. Die *Amplified Bible* stel dit baie mooi: “*He equips him with everything that he needs to carry out His will.*”

Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

Hebreërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlijkheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

Hebrews 13: 21 Strengthen (complete, perfect) and make you what you ought to be and equip you with everything good that you may carry out His will; [while He Himself] works in you and accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ (the Messiah); to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). (Amplified)

- Alles wat ek en jy het, moet gebruik word om God se wil te doen.
- Christus Jesus ons Here, het aarde toe gekom om die duiwel te verslaan en Hy het hom kragteloos en magteloos gestel. Hy het hom onder ons voete geplaas en weer aan ons die outoriteit teruggegee om oor satan en sy werke te heers.
- Die Here het ons in 'n baie gunstige posisie geplaas om alles wat ons is en alles wat ons het, te beskerm.
- Ook is alle metodes oor hoe ons dit moet toepas, in die Woord saamgevat.

Ek kan dit egter nie vandag in een lering (*teaching*) deurgee nie, want dit is baie inligting. Ek bied dit in kursusse aan en verduidelik dan aan die mense in diepte (detail) die pad wat gevolg moet word om hierdie dinge, hierdie Raadsplan en alles wat daarby betrokke is, te vervul.

Die Here voeg mense by 'n bediening (huis/dak), 'n plek waar jy beskerm word, waarin daar vir jou gebid kan word, jy gehelp, gelei en geleer kan word oor die “hoe, wat, wanneer” ensovoorts. Dáár bied die geestelike vader en geestelike moeder ook vir ons die regte leringe en metodes, asook die regte opleiding aan.

1. BESKERMING

Ek het ook vanoggend teenoor iemand die volgende genoem alles in die huis, is tot jou beskikking.

- Die beskerming van die dak is oor die huis;
- Daar is kos op die tafel;
- Daar is warm water;
- 'n Bed om in te slaap;
- Daar is gesondheid;
- Geselskap;
- Liefde.
- Alles wat jy nodig het, is binne-in hierdie huis.
- Jy het ook jou persoonlike goedjies in jou kamer.

- i) Jy moet onthou dat, al is jy deel van die huis, jy nog steeds kan kies om buite op straat te sit.
- ii) Jy kan kies om nie by die huis betrokke te raak nie, maar om eerder buite te wees. Dit is waar die wind en die weer, die hael en die storms en al wat sleg is, jou kan bykom.
- iii) Dit is dan wanneer jy moet begin soek na kos, al die oorskiet bymekaar begin maak, in vullisdromme moet gaan krap - jy moet hier iets kry, jy moet daar iets kry, ensovoorts.
- iv) Jy moet dan nou die vuil van die lewe gebruik om iets nuttigs daaruit te kry!

2. GEESTELIKE HUIS

In die geestelike realm werk dit presies dieselfde.

Wanneer jy nie binne-in die huis is nie, het jy nie:

- ❖ Die reg op die seëninge, die beskerming, die vashou, die gesondheid, die liefde en alles wat jy kan opnoem, van die huis nie.
- ❖ Al is jy uit daardie familie gebore, al is jy deel van daardie huis, het jy geen reg op enigiets nie, want dit is jou keuse om buite op straat te sit.
- ❖ Jy begin dan om te rebelleer en dan kan daardie huis niks vir jou doen nie.
- ❖ Die huis gaan nie skuif om by jou aan te pas nie; jy sal moet skuif en opofferings maak om by die huis te kan aanpas.

2.1 Dissipline

Dit is nie altyd maklik nie. Daar is stampe en stote en daar gaan onderonsies tussen jou en jou boeties en sussies wees, jou pa gaan jou tugtig, ensovoorts. Jy moet ook hier en daar uithelp deur kamers skoon te maak, skottelgoed en vloere te was. Dit is alles deel van jou opleiding – om jou groot, sterk en volwasse te maak. Dit is nie om jou te straf nie, maar eerder om te verseker dat jy in 'n gesonde atmosfeer kan bly lewe en funksioneer.

2.2 Rebelle

Wanneer jy deel is van 'n huis, maar jy kies om nie betrokke by daardie huis te wees nie, dan bevind jy jou alreeds op straat. Satan kan jou dan aanval en die huisgenote kan absoluut niks vir jou doen nie. Hul gebede sal nie tot hulp wees nie, want dit was jou eie keuse. As gevolg van jou rebellie en omdat jy reken dat jy van beter weet en dat dit die beste plek vir jou is, bevind jy jou nou op straat.

Dit is egter 'n plek van onbeskermdeheid waar onder meer:

- Jy nie gevoed word nie;
- Nie beskerm word nie;
- Nie versorg word nie;
- Daar is nie warm water nie,
- Met die gevolg dat jy nie lekker gaan ruik omdat jy nie gereeld kan bad nie en soveel te meer.

3. IS JY BETROKKE?

My vraag aan jou: **Hierdie huis waar die Heilige Gees jou bygevoeg het – is jy regtig IN die huis, of is jy net VAN die huis?**

Daar is drie vlakke van betrokkenheid:

- Fisiese betrokkenheid
- Geestelike betrokkenheid
- Finansiële betrokkenheid

3.1 Fisiese betrokkenheid

Wanneer jy net van die huis is en nie regtig in die huis is nie, kan jy pak slae/moeilikheid kry. Jy mag dalk nou vra hoe jy deel van die huis kan word? Die antwoord hierop is dat jy fisies betrokke moet raak.

Dit beteken dat jy maniere sal moet vind oor hoe om betrokke te kan wees soos byvoorbeeld:

- Help met skoonmaak, vloere was, skottelgoed was;
- Help met tikwerk,
- Help met uitreikings,
- Help om dinge te reël.

3.2 Geestelike betrokkenheid.

Geestelike betrokkenheid gaan daaroor dat jy altyd moet sorg dat:

- Die huis skoon bly;
- Dat die huis goed versorg is;
- Dat die vensters toe is sodat die skelms nie daardeur toegang kan verkry nie;
- Jy moet sorg dat die plek netjies is. Wanneer jy papiere sien rondlê, dit op tel en sodoende die huis netjies en skoon hou;
- Wanneer daar iemand in die huis is wat 'n bietjie sukkel, moet jy berading, raad, hulp en liefde aanbied;
- Jy moet na daardie persoon uitreik deur telefoniese kontak om te hoor hoe dit gaan en waar jy moontlik tot hulp kan wees.

Dit is nie 'n geval van net daar in jou kamer lê en dink dat dit alles net oor jou gaan nie. Nee, dit gaan nie oor jou nie, maar wel oor geestelike betrokkenheid, waar ons die huisgenote oppas en die reëls van die huis respekteer.

Ek wil dit ook baie duidelik stel: die term geestelike vader en geestelike moeder dui slegs outoriteitsvlakke aan – hulle is nêr so deel van die huis soos wat 'n baba deel is van die huis.

3.3 Finansiële betrokkenheid.

Die Bybel sê dat, indien ek nie vir my eie huis kan sorg nie, dan is ek slegter as 'n ongelowige.

1 Timótheüs 5: 8 Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.

Dit beteken dat ek nie heeltyd op iemand anders se rug kan ry nie. Ek kan nie dat andere bydraes moet lewer deurdat:

- Die een elektrisiteit koop en
- Die ander die water betaal;
- Die een betaal die munisipale rekenings;
- Die ander een sorg vir pa en ma;
- Die een sorg dat die motor waarmee ons elke keer moet ry, gediens word;
- Die ander een sorg dat die dakke skoon is;
- Nog een betaal die tuinier ensovoorts.

Terwyl ek net agteroor sit en sê myne is myne, ek maak staat op die ander se bydraes. Jammer mense, dan is jy ongelukkig 'n bloedsuier.

- Onthou dat elke offer wat gegee word, 'n offer is omdat dit die hart skeur - die hart uitmekaar trek, andersins is dit net 'n geskenk.

4. EER JOU GELOFTE AAN GOD

Lees gerus Psalm 50, dan sal julle sien dat God nie geskenke nodig het nie. HY sê: *'sal ek jou vra of ek 'n stier nodig het.*

Hy het dit nie nodig nie, maar Hy sê betaal jou geloftes aan God en doen wat jy moet doen, en eers nádat jy dit gedoen het, kan jy my dan aanroep in die dag van benoudheid en Ek sal jou uitred - nie voor die tyd nie.

Psalm 50:9 Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie;

Psa 50:10 want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.

Psa 50:11 Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.

Psa 50:12 As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.

Psa 50:13 Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?

Psa 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

Psa 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

- Ons as mens het 'n verpligting wat ons moet nakom om die duiwel van ons grondgebied af te hou.
- Wanneer ons nie daardie verpligtinge nakom nie, dan maak ons deure oop. Ons rebelleer dan teen die huis en ons laat toe dat die bose inkom.
- Wanneer die geestelike vader en moeder egter die regte oorlogvoering doen, dan kan die duiwel slegs diegene wat met hom 'n ooreenkoms (covenant) aangegaan het, aanval en nie die res van die huisgenote nie.

5. VERANTWOORDELIKHEID

Dit is hoekom dit met sommige mense in dieselfde huis baie goed gaan. Baie is voorspoedig, hulle is goed versorg en gaan goed aan. Dan sien jy dat die volgende persoon wat aan dieselfde bediening behoort, krepeer en net nie kan voorbly nie. Hulle kan net nie hul kop ophou nie, en jy wonder hoekom dit so is?

Die rede hiervoor is omdat jy die duiwel in jou lewe toelaat, jy bring die duiwel in die huis in. Die geestelike vader sal die res van die mense in die huis beskerm maar ongelukkig kan 'n mens net beskerm word tot sover as wat jy dit toelaat. Indien jy nie beskerm wil word nie, sal die gebede van die huisgenote jou niks help nie, want dit is en bly jou keuse.

Dit is ook hoekom Jesus nie vir almal kon doen wat HY graag sou wou doen nie, want Sy gebede was onderdanig aan die keuse van die mens. God die Vader respekteer die mens se keuse, maar wanneer dit 'n verkeerde keuse is, dan sal Hy Hom distansieër van so 'n persoon, al is die persoon deel van 'n bediening. Jy sal die gevolge van jou rebellie moet dra. Dit is dan wanneer dit sleg begin gaan en mense nie kan regkom nie - nie vorentoe kan gaan nie.

Mense wil te vinnig verskonings gebruik om nie 'n ding te doen nie, in plaas daarvan dat hulle 'n rede soek om iets te doen, soos byvoorbeeld:

- Kyk of daar nie 'n vuil bord is wat gewas kan word,
- Of dalk 'n vuil kol op die vloer wat opgevee kan word.

Nou kies ons eerder om verby die vuil kol te stap en te dink dat iemand anders dit kan doen. Sodoende skuif ons ons verantwoordelikhede op iemand anders af.

6. EERSTELINGOFFER

Belangrik om te onthou is, dat satan die reg op alles het, want die aarde is vervloek en daardie vloek moet met die eerstelingoffer gebreek word. Daarom moet jy handel volgens die Woord en sorg dat jy die Here se tiende (10de) gee. Wanneer jy dit doen, sal die Here die ander nege tiendes beskerm, want dit is in jou hande geplaas. Sou jy kies om dit nie te doen nie, dan kan die Here jou nie seën nie en dan moet jy maar vertrou op jou eie wysheid, jou eie metodes, jou eie goed ensovoorts. Ek bring vandag net die Woord - die waarheid vir jou.

7. VERSKUILDE AGENDA

Daar is nog iets waarvoor ek wil praat waarvan mense geen idee het nie, alhoewel ek dit vroeër al in lesings genoem het. Verskoon my asseblief want hierdie lesing is bietjie lank. Ek wil hê dat almal dit in volledigheid sal luister en lees, daarom wil ek dit nie graag opdeel nie.

Ons moet onthou dat satan altyd sy slinkste maniere en jou onkunde gaan gebruik om jou in gebondenheid (bondage) te bring. Ons bly mens, ons bly vlees, ons het swakhede en ons kan nie

daarby verbykom nie. Satan gaan dit uitbuit, maak nie saak wat dit is nie. Kom ons gebruik die volgende voorbeelde:

- **Voorbeeld 1:** Veronderstel jy was 'n alkoholis en die Here het jou bevry. Jy het toe vir jare lank nie meer gedrink nie en was baie bly daaroor. Nou beland jy egter in die volgende situasie: daar word 'n kermis of 'n skou aangebied of jy kom by 'n kerkfunksie waar daar biersale is. Jy en jou vriend stap daar in en jy gaan koop 'n bier. Dit kan dalk net een bier of een sigaret wees wat jy gekoop het, net 'n rand wat jy in satan se koninkryk spandeer het, en nêr daar het satan jou vasgevang. Jy gee niks vir God se koninkryk nie, maar jy spandeer wel geld in satan se koninkryk. Dit kan enigiets anders ook wees soos begeertes van die vlees, dinge wat jy nie nodig het nie maar wil hê.
- **Voorbeeld 2:** Jou vriend het 'n nuwe kar gekoop en jy hou baie daarvan. Jy wil ook nou 'n ander motor gaan koop, alhoewel daar niks fout is met jou huidige kar nie. Die vlees neem oor, oortuig jou en jy gaan koop die kar. 'n Maand of twee later kan jy nie meer die paaielemente betaal nie, en wat gebeur nou? Nou word die Here blameer, ons hardloop nou na die Here toe en Hy moet nou help.

Die Here gaan jou nie help nie, hoor wat ek vandag vir jou sê.

- Jy sal die ding op die regte manier moet doen.
- Jy sal op jou knieë moet gaan en bely en die geestelike grondgebied wat jy aan die vyand afgestaan het, gaan terugvat.
- Jy het in die verkeerde koninkryk gesaai en daardie koninkryk bring ook vrug voort. Daardie vrug lyk partykeer baie mooi en aantreklik, nes dit vir Eva en vir Adam gelyk het. Hier gaan dit nie oor die vrug nie, maar oor die hand (toedoen), die verborgenheid, die raadsplan wat agter die vrug sit.
- **Vraag:** Wat het die hand bedoel toe hy vir jou die vrug gegee het?
- Wat was satan se raadsplan, sy agenda toe hy jou hierdie vrug laat eet het, jou hierdie daad laat doen het?

Satan het **altyd** 'n verskuilde agenda, hy kan nie genadig wees nie. Jy is nou vasgevang in 'n situasie waarin jy al hoe skelmer word en sodoende raak jy al meer verstrengel in sy planne. God die Vader se genade is egter steeds só groot.

8. EIS TERUG VAN DIE VYAND

Ek gaan nou terug verwys na iets waaroor ek lank terug al intens oor gepraat het. Ek en tannie Eleonor het dit so 'n week of twee gelede gelees, waar God Israel **beveel**, nie versoek het nie, om Egipte te beroof.

God gee jou die bevel om alles wat satan al ooit by jou gesteel het, terug te eis. Egipte is simboliek aan jou tyd toe jy nog 'n sondaar was, toe jy nog ongered was, en nou kan jy selfs daardie geld wat jy op drank, sigarette en partytjies bestee het, al daardie geld wat jy vermors het, kan jy by satan terugeis. Jy as kind van God het die volste reg daartoe, dit was nog nooit satan s'n nie.

Exodus 3:22 maar elke vrou moet van haar buurvrou en van haar wat in haar huis vertoef, silwer- en goue voorwerpe en klere eis. En julle moet dit op julle seuns en dogters sit, en so Egipte berowe.

Exodus 12:36 en die Here het aan die volk guns verleen in die oë van die Egiptenaars, en dié het hulle versoek ingewillig. So het hulle dan die Egiptenaars berowe.

Onthou ons bly mense met swakhede, ons kan nie daarby verbykom nie. Satan bly die superwese van alle slinksheid en skelmheid en hy sal jou om die bos probeer lei. My vraag aan jou is dus: *Wanneer laas het jy Egipte beroof?* Of is jy maar tevrede met alles wat gebeur, soos jou kar wat gebreek het,

jou strykyster of ketel wat uitgebrand het, wasmasjien wat die gees gegee het ensovoorts, en sê dit is maar die verloop van die lewe? Nee, dit is snert - dit is nie die verloop van die lewe nie.

God het gesê dat jou goed geseënd sal wees en dat jou goed behoue sal bly. Kyk na die Hebreërs toe hulle deur die woestyn getrek het; die skoene het saam met hul voete gegroei. Die klein seuntjie wat as tweejarige uit Egipte getrek het, het op veertigjarige ouderdom nog steeds dieselfde skoene gedra. Hulle klere het ook nie verslyt nie.

Deuteronómium 29: 5 En Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn laat trek; julle klere het aan julle nie verslyt nie, ewemin jou skoene aan jou voet.

- God sal alles beskerm wat Hy aan jou toevertrou het, maar dan moet jy jou kant skoonhou.
- Jy moet sorg dat die duiwel geen plek in jou lewe het nie, hy moet geen wettige reg hê nie.
 - o Hiermee bedoel ek dat hy by jou moes kom steel het, dinge sonder jou toestemming gevat het, en hy gaan dit doen. Hy probeer dit baie met ons, maar ons weet gelukkig wanneer, waar en hoe.
- Wanneer jy die wil van God vir jou lewe ken en jy gee God se gedeelte (tiende) en hou jou kant skoon, dan het jy die volste reg om hierdie dinge te kan doen.
- Jy kan dan hemelse hof toe gaan en by die Here 'n klag gaan indien; vir satan gaan aankla.
 - o Ek het dit al baie keer gedoen en dan vir die Here gesê dat ek nou van satan terugeis. Ek lê al my klagtes, alles wat ek terugeis, voor die Here neer en wanneer hy hardkoppig is, dan gee ek hom 'n rukkies kans.

Jy kan dit egter nie doen as jou kant nie skoon is nie. Jy kan slegs dinge terugeis indien:

- Jou kant skoon is,
- Jy betrokke by die huis is,
- Jy alles doen wat die Here aan jou gesê het om te doen,
- Jy deel is op al drie vlakke van betrokkenheid en
- Jy tyd daarvoor maak om ook jou huis te respekteer en die dinge te doen wat die Here wil hê jy moet doen

9. VERPLIGTING TEENoor DIE EVANGELIE

Jy kan God nie uit jou lewe verwyder nie. Jy kan nie net 'n stukkie uit die Bybel soggens en saans lees en onder die indoktrinering dat jy aktief is nie, nee dit gaan nie so werk nie!

Ek dink julle begin nou besef dat jy 'n verpligting teenoor die evangelie het. Jy het 'n rol om te speel en 'n plek om te vul.

- ❖ Dit wat God in jou hande geplaas het, het 'n plek om te vul, maak nie saak waar dit is nie. God het dit vir jou gegee sodat jy 'n instrument kan wees, 'n middel tot 'n doel.

Wanneer jy nie egter nie daar is nie, is jou plek leeg, en dan moet iemand anders soveel harder werk en met soveel minder klaarkom. Wanneer daar op uitreikings gegaan word, moet die mense baie keer in baie primitiewe plekke gaan bedien. Ons moes al in perdestalle, in buitekamers en skaapkrale gaan bedien omdat mense nie hul pligte nakom nie. Ons moes al baie keer ook uitreikings gekanselleer het omdat daar nie fondse was nie.

My vraag is dus: **Is dit wat God wil hê?**

Die antwoord is beslis **nee**. Dit is nie wat God wil hê nie. Ons het 'n rol om te vervul.

10. HEMELSE HOF

Luister nou mooi na wat ek sê: Eers wanneer ons kant skoon is, dan kan ons hemelse hof toe gaan. Dan kan ons vir die Here sê: *Op grond van Sy woord, dat ek nou uit Egipte kom want ek is klaar gered. Ek kom eis nou terug dit wat satan by my gesteel het in Egipte. Selfs die tyd toe ek nog 'n sondaar was, toe ek gerook en gedrink het, al daardie geld kom eis ek nou terug.*

Ek doen dit gewoonlik só:

- Ek bepaal 'n tyd en sê aan die Here dat ek nou opeis.
- Wanneer die Here hom skuldig bevind, dan vra ek dat hy voor of op 'n sekere dag/datum daardie geld of dit wat hy beroof het, sal teruggee.
- Doen hy dit nie, dan dien ek weer 'n klag by die Here in om te sê satan het nie gehoor gegee nie, daarom kla ek hom weer aan want ek weet dat ek onskuldig en hy die skuldige party is.
- Ek praat my hart uit voor die Here en dan eis ek sewe (7) keer terug van satan af.

11. OORWINNING

Jy sal sien hoe vinnig reageer satan wanneer jy van hom begin terugeis. Jy sal verstom staan oor waar die dinge vandaan kom.

- Hoekom is jou lewe nie geseënd nie?
- Volg jy die raadsplan van God?
- Of karring jy maar aan op jou eie manier en jou eie metodes wat nog nooit gewerk het nie?

Word wakker mense, word wakker, word wakker!

Satan is besig om met jou te mors, hy is besig om jou 'n lelike rat voor die oë te draai.

Jy is meer as 'n oorwinnaar deur Christus Jesus wat jou krag gee.

Filippense 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Romeine 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

- God die Vader het vir jou die hele Woord gegee,
- Hy het vir jou die evangelie gegee,
- Hy het alles in jou hande geplaas om te triomfeer, te heers en te regeer.
- Kry jou kant reg en jy sal sien hoe alles sommer vanself inpas.

- - -

Ek hoop hierdie lesing het almal geraak sodat jy jou lewe kan regkry.

Dit is nié voorspoed evangelie nie, dit is om julle leiding te gee oor hoe om 'n lewe van oorwinning in Christus Jesus te lei.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees van God aan die gemeente sê.